FEEDTEK

# FOKUS

201502

# BENUT VOORSPEENSE VOEROMSET BY LAMMERS OPTIMAAL MET FEEDTEK LAMB CREEP ELITE

Deur Sjoerd ten Cate (Pr Sci Nat)



Effektiwiteit is in modêrne boerdery van kardinale belang. Vir skaap boerdery behels dit ondermeer korter inter-lamperiodes, hoër lampersentasies en beter benutting van eie geproduseerde ruvoere en grane. Dit sluit aan by die groter wordende vraag na rooivleis wat wêreldwyd aan die ontwikkel is. Aangesien daar globaal nie veel meer onbenutte grond is wat gebruik kan word vir die produksie van rooivleis nie, is groter effektiwiteit die enigste manier om te voorsien na die groter wordende vraag.

Wat die bestuur van ‘n skaapkudde betref het daar oor die jare heelwat ontwikkeling plaasgevind op die front van meer intensiewe bestuurstelsels, soos die agt en nege maande lamstelsels. Hand aan hand hiermee word dus ook baie aandag gegee aan bestuursfasette soos lampersentasies en ruvoerproduksie. Deel van die pakkie is ook beter benutting van ruvoer, waar strategiese byvoeding ‘n baie groot rol speel.

**Een van die uitvloeisels van meer intensiewe skaap bestuurstelsel is dat die gewildheid van kruipvoeding toeneem.**

Verdere verfyning op die voedingsfront kan verkry word deur voerbymiddels te gebruik wat produksie kan optimaliseer. Van die bekendste byvoegings tans is byvoorbeeld die gebruik van ionofore by voerkraal afronding en in die grootmaak van jong herkouers.

Een van die uitvloeisels van meer intensiewe skaap bestuurstelsel is dat die gewildheid van kruipvoeding toeneem. Met die gebruik van kruipvoeding word gepoog om die volgende fasette van die periode na lam aan te spreek:

- Optimale benutting van jong lammers se uiters effektiewe voeromsettings doeltreffendheid
- Vinniger bereiking van speenmassa
- Verlaging van lammers se speenskok
- Makliker en beter aanpassing van lammers in voerkrale, met gevolglike laer uitskotpersentasies
- Behoud van ooie se kondisie, met gepaardgaande hoër konsepsies

Lamb Creep Elite is ‘n spesialiteits proteïen, mineraal, spoormineraal en vitamien makro voormengsel wat ontwikkel is vir die gerieflike tuismeng van hoogstaande kwaliteit lamkruip voere. Lamb Creep Elite se doel is om die lam te help om soveel as moontlik van sy potensiaal tot en met speen te realiseer. Deur gebruik te maak van ‘n kombinasie van bymiddels word aandag gegee aan die volgende belangrike komponente van lam ontwikkeling:



- Rumenontwikkeling
- Voeromsettings doeltreffendheid
- Droë materiaal inname
- Groei
- Immuniteit
- Gesondheid

Sodoende word die nodige stewige fondament vir die lam se volgende produksie fases gelê, hetsy dit teling of afronding gaan wees.

Die vitamiene en minerale in Lamb Creep Elite is optimaal gebalanseer om ontwikkeling van die jong lam te ondersteun. Essensiële olies help om eetlus te stimuleer en vernietig ongewenste bakterieë in die spysverteringskanaal. Terselfdertyd verskaf pre-biotika voedingstowwe aan die goeie bakterieë, wat effektiewe vertering aanhelp. Effektiewe vertering en siekte weerstandigheid word verder aangehelp deur pro-biotika, terwyl lammers se natuurlike vermoë om siektes te bestry versterk word deur baie effektiewe antioksidante. Ander bymiddels stimuleer die vertering van vet en proteïen in melk wat sodoende meer energie en aminosure beskikbaar maak vir lam groei. Spesiale vesel word in die rumen omgesit in bottersuur, wat die ontwikkeling van papillae stimuleer. Verder help ‘n ionofoor in die voorkoming van koksidiose en effektiewer benutting van voedingstowwe soos proteïene. Voordele wat Lamb Creep Elite dus aan die lam bied is as volg:

- Verseker ‘n optimaal, gesonde dermflora
- Stimuleer die ontwikkeling van die spysverteringskanaal, met die klem op die rumen
- Verminder oksidatiewe spanning
- Verbeter die lam se vermoë om weerstand te bied teen siektes

Waar Lamb Creep Elite in kruipvoere ingesluit word kan die volgende dus verwag word:

- Afnames in spysverterings ongesteldhede soos maagwerk
- Stimulasie van droë materiaal inname
- Verhoogde voer benutting
- Verbeterde groei en ontwikkeling van die lam
- Beter ruvoer benutting op jonger ouderdom
- Bereiking van speengewig op ‘n jonger ouderdom
- Minder uitsak lammers in die voerkraal

Daar kan dus verwag word dat lammers wat Lamb Creep Elite in hulle kruipvoer ontvang 10% tot 20% beter gaan groei as daarsonder. Lamb Creep Elite is dus ‘n prima benadering tot lamkruip, met die doel om lammers se potensiaal maksimaal te ontsluit terwyl daar in die proses ‘n stewige fondament gelê word vir die lam se toekomstige produktiewe lewe. Die gebruik van kwaliteit roumateriale, soos mielies en soja oliekoek, is onontbeerlik vir Lamb Creep Elite voere se samestelling. Die verskaffing van kwaliteit energie en proteïen is integraal belangrik om die potensiaal van Lamb Creep Elite te help ontsluit.

| Grondstof | Kruipvoer Meel | Kruipvoer Meel | Kruipvoer Volledig | Kruipvoer Volledig |
|---|---|---|---|---|
| Mieliemeel (*) | 800 | 400 | 650 | 350 |
| Gemaalde Wintergraan | | 400 | | 300 |
| Soja Oliekoek 47 | 150 | | 100 | |
| Ekstrublend 36 | | 50 | | 50 |
| Kanola Oliekoek 33 | | 100 | | 50 |
| Lusernhooi (gemaal) | | | 200 | 200 |
| Lamb Creep Elite 80 | 40 | 40 | 40 | 40 |
| Totaal (kg) | 990 | 990 | 990 | 990 |
| Samestelling (%) | | | | |
| Proteïen | 16.00 | 15.33 | 15.71 | 15.33 |
| Proteïen vanaf NPN (% van totaal) | 17.53 | 18.28 | 17.84 | 18.28 |
| Kalsium | 0.72 | 0.75 | 0.78 | 0.81 |
| Fosfaat | 0.40 | 0.46 | 0.37 | 0.41 |
| TVV (Energie) | 78.23 | 74.34 | 72.92 | 70.42 |

(*) Let wel: Die helfte van die mieliemeel kan met gemaalde garsmeel vervang word

## VOERAANBEVELINGS

- Sit kruipvoer uit in kruiphokke 14 dae nadat eerste lammers gebore is, tot op speenouderdom
- Vervang tot 10% van die mielies met melasse indien verkies
- Voeg Feedtek Bufferpak of Acid Buf Farm Pack by teen 1 pakkie per ton kruipvoer, vir beheer van suurpens
- Verwagte inname van kruipvoer tot speen is 13 – 25 kg

Let wel dat Lamb Creep Elite nie aan die perde familie gevoer mag word nie, weens die teenwoordigheid van ‘n ionofoor. Standaard ureum voorsorgmaatreëls moet ook gevolg word aangesien Lamb Creep Elite matige vlakke van ureum bevat.

Raadpleeg ‘n Feedtek voedingskundige vir die samestelling van Lamb Creep Elite gebaseerde kruipvoere indien alternatiewe grondstowwe beskikbaar is. **Vir enige navrae rondom hierdie artikel kontak gerus die outeur by 082 380 2334.**